## LAAT DIE LEERLINGE SELF IN DIE OPENBAAR OPTREE

Daar word soms baie goeie werk deur leerlinge gelewer wanneer hulle referate of takies oor bepaalde onderwerpe in die Geskiedenislesse lewer. Niemand weet egter iets van die verdienstelike werk nie behalwe wanneer die skoolhoof en die ouer die puntelys of rapportvorm nagaan.

Om hierdie leemte te oorbrug, word daar in September verskillende saamtrekke of parades gehou waar leerlinge van hul beste referate oor Geskiedenis-onderwerpe in die openbaar sal voordra. Hierdie voorlesings deur die leerlinge, sal o.a. afgewissel word met koorsang, praatkore, tablo's en vasvrareëlings van 'n historiese aard. Op elke byeenkoms sal daar 'n voorsitter en onder-voorsitter wees wat uit die bepaalde skole gekies sal word.

Die onderwerpe vir die referate of takies sal uit die werkskemas van die bepaalde standerds gekies word en die leerlinge sal leiding ontvang waar om die tema-materiaal te kry en hoe om dit te gebruik. Hulle moet egter die werk voorberei.

Hierdie byeenkomste word gehou op:

*10 September* In die Roodepoortse stadsaal — Sts. 8, 9 en 10 leerlinge van elf hoërskole.
In die hoërskoolsaal — die vier skole van Westonaria (sts. 5 en 6).
In die Randfonteinse stadsaal — sts. 4 en 5 van ses laerskole.
In die Roodepoortse Hoërskoolsaal — die vyf skole van Roodepoort-omgewing.

*17 September* In die Krugersdorpse stadsaal en die Paul Krugersaal — die 12 laerskole van Krugersdorp.
In die hoërskoolsaal op Florida — die 8 skole op Florida.
In die saal van Newlands Afrikaansmediumskool — die 5 laerskole van daardie omgewing.

Soos kadette, Voortrekkers, soldate of ander groepe mense in hulle uniforms hulle beste vertoning maak, so sal die leerlinge ook hulle beste werk in die openbaar vertoon.

Die leerlinge toon tydens hierdie parades hoe die beste metodes van Geskiedenisonderrig toegepas word en daar hoef nie oor die metodiek gekonfereer te word nie.

*Verdere byeenkoms*

*23 Augustus by die Goudstadse Onderwyskollege*

Prof. Smit van die Vrye Universiteit van Nederland sal om 7.30 nm. op 23 Augustus 'n byeenkoms in die Goudstadse Onderwyskollegesaal toespreek. Sy tema sal heelwaarskynlik wees: *Die sin en waarde van Geskiedenis.*

Dr. J. J. van Tonder.